

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

No 1/1996

**"...'n Vriend
van
tollenaars en sondaars..."**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Liewe leser

Mag ek maar jou vriend wees?

Want Jesus was 'n Vriend vir tollenaars en sondears...

Daarom is Hy vandag ook my Vriend.

Hy wil ook jou Vriend wees.

Mag jy in my vriendskap met jou, sy vriendskap beleef.

Die brief wat hier volg is 'n voorbeeld van hoe iemand 'n vriend help om te begin raaksien dat Jesus ook sy Vriend is...

Ek hoop dat as jy die brief klaar gelees het, ook jy sal verstaan hoe hierdie vriendskap werk...

Jesus is my Vriend

Ek is jou vriend

Sien tog raak dat Jesus ook jou Vriend is.

Jou vriend in Hom

Beste Herman

Ek was saam met jou geskok toe ek by jou hoor van jou seun Johan. Dis slegte nuus wat jy vertel. Ja, as Sataniste jou in hulle kloue het, trek hulle jou saam met hulle in drankmisbruik, seksorgies, afbrekende musiek en dwelms in.

Dat Johan se totale gedrag verander het vandat hy onder hierdie bose invloede gekom het, is vir my 'n groot teleurstelling. Hy was dan altyd 'n voorbeeld vir ons kinders! My kinders, veral Pieter, het altyd vertel dat hulle hom bewonder vir sy liefde vir die Here. 'n Mens kon dit sien in sy manier van doen.

Ek kan verstaan as jy en Monique voel dat julle jul kind verloor het. Ek hoor ook julle wanhoop as julle sê julle het "alles" probeer en niks het gehelp nie.

**TOG HET EK
WONDERLIKE
NUUS VIR
JULLE!**

Liewe leser
Ken jy iemand wat ook langs die
lewenspad geval en seergekry het?
Wat sou jy gedoen het om hom of haar
op te tel?

(Die Here het raad, Ga 6:1)

Pieter en 'n paar van sy maats was 'n jaar gelede in presies dieselfde dilemma. Ek weet presies hoe jy voel.

Maar, ek brand om vir jou te vertel hoe die Here vir Pieter en sy vriende die vasbyt gegee het om los te breek uit die greep van hierdie wanpraktyke. Ek wil *graag ook* vir jou *vertel hoe* die Here my en Cora deur vriende gehelp het. Ons kon saam met *Pieter* Jesus se ontsaglike liefde weer herontdek.

Nog altyd het ons geglo dat Jesus ons Verlosser en Koning is. Maar hierdie krisis het ons laat besef dat Hy ook ons Vriend is.

Hoe dink jy sou Jesus jou gevalle
vriend hanteer?

(Vra die vrou van Samaria,
Joh. 4:1-26)

**'N VRIEND VAN TOLLENAARS
EN SONDAARS**
(Lukas 7:34)

Ons en ons geloofsvriende kuier gereeld saam om mekaar met die Woord te ondersteun. Hier het ons saam 'n wonderlike werklikheid ontdek: Jesus, as Vriend van mense wat seergekry het!

Kom, ontdek Hom ook so!

- Kyk of jy Hom as jou Vriend kan ontdek in Matteus 11:10 en Lukas 7:34?

Besef jy hoe diep Jesus se vriendskap vir ons is? Hy vertel self:

**Al was *Ek* ook God
het *Ek* nie gedink dat my Goddelike status
iets was waaraan *Ek* ten alle koste moes vasklou nie.**

***Ek* het self my Goddelike eer prysgegee
en 'n slawelewe aanvaar
toe *Ek* 'n mens geword het.**

***Ek* was werklik 'n mens soos ander mense
maar *Ek* het *Myself* nog verder verneder.**

***Ek* was aan God, my Vader, gehoorsaam
selfs al het dit beteken
dat *Ek* soos 'n misdadiger aan 'n kruis doodgemaak is**

(Vgl. Fil. 2:6-8)

- Jesus maak vir Matteus, die tollenaar, een van sy vriende. Hoor hoe vertel die Gees ons hoe Jesus dit gedoen het in Matteus 9:9-13.
- Jesus kom om vir verlore nes - mense wat geval het! - te wys dat Hy hulle Vriend is. Beleef hoe Hy dit vertel in Lukas 15:1-32.

Jy voel dalk om te sê so 'n gepraterij oor die Bybel sal nie help nie. Dit sal Johan en sy vriende net verder afskrik. Hulle sê immers hulle haat alles wat na Bybel en kerk klink.

Maar luister hierna!

'n Jong vrou het eenkeer met 'n predikant gaan praat. Sy wou niks van die Evangelie weet nie. Sy het geen begeerte gehad om haar manier van lewe te verander nie. Sy het gesê sy is nog jonk en wil eers haar lewe geniet. Anders, het sy gedink, sou al die "vreugde" uit haar lewe verdwyn.

Sy was nie van plan om te breek met haar sondes nie.

Tog het sy taamlik baie van die Evangelie geweet omdat sy by 'n sendingskool grootgeword het. Nou reageer sy eintlik daarteen.

Toe sy min of meer klaar stoom afgeblaas het, vra die predikant vir haar:

"Kan ons saam bid?"

"Wat sal ek bid?" vra sy minagtend.

Hy sê toe: "Ek weet nie wat jy vir die Here wil sê nie, maar ek sal eers bid, dan kan jy die Here alles vertel wat jy vir my gesê het."

"O nee! Dit kan ek nie doen nie." het sy teëgestribbel.

"Ja jy kan." het die predikant gesê. "Het jy nie geweet dat Jesus 'n Vriend van sondaars soos ek en jy is nie?"

Dit het haar diep geraak. Sy het toe gebid. 'n Baie eenvoudige gebed. Maar, van daardie oomblik af het die Here in haar hart gewerk en kort daarna het sy tot geloof gekom..

**DIE
GEES
MAAK
MY
EERLIK**

Dink bietjie na oor hierdie verhaal:

- Wat was die vrou se eintlike probleem?
- Hoe het die predikant haar benader?
- Waarom het dit haar getref toe hy vir haar sê dat Jesus 'n "Vriend van sondaars" was?

Nou hoor ek jou al sê: "Maar sommige van Johan se vriende het probleme wat vir my te groot is om te hanteer. Hulle het die spoor heeltemal byster geraak. Hulle het Johan gevat en van die kerk af weggevlug. Hulle sal vir my lag en sê: 'Dink pa nou so 'n geprekery en saambidderij is cool!' Vir ouens wat dit sê, hoe kan ek hulle laat verstaan dat Jesus vandag hulle Vriend is?"

Jy en Monique kan hulle help om los te kom van dit wat hulle vashou. En daarvoor maak die Gees ons sterk. Dit is nodig om die pad tree vir tree saam met hulle te loop. Word julle vir hulle, in die voetspore van ons Here Jesus, 'n "vriend van sondaars".

Om 'n vriend vir sondaars te wees, is nie maklik nie. Ek het dit so probeer doen...

- Soek saam met Johan 'n stil plek waar julle nie gesteur sal word nie. Vertel hom van iets in jou lewe wat jou van die Here weggehou het. Dit sal julle help om as vriende SAAM met julle lewe tot nou toe voor die Here te staan.
- Vra hom om ook so EERLIK EN OOP as moontlik met jou en met die Here oor sy verlede te wees. Daar is immers in almal van ons se lewe dinge wat tussen ons en die Here staan. Praat met mekaar - en luister hoe die Here julle lei - oor hierdie goeters van gister en eergister.
- Luister goed terwyl hy vertel en sorg dat hy kan sien dat jy hom onvoorwaardelik LIEFHET. Hy sal dan weet dat jy hom - al is hy 'n sondaar - aanvaar soos hy is.
- So sal hy in jou optrede kan sien dat hy ook sy vriende kan vergewe.
- Sê saam vir die Here dankie dat Hy hierdie slegte dinge gebruik om by Hom uit te kom.

**SO HET EK EN
PIETER SIN VIR SIN
ONS HARTE VIR DIE
HERE OOPGEMAAK**

As Johan jou rebelse seun was,
hoe sou jy sinvol met hom
saambid?

"Hemelse Vader,

Dankie dat U u genade vir my gee - verniet! Ek is verstom dat U my na alles wat ek gedoen het, nog so liefhet. U geduld met my maak my skaam dat ek nie na U wou luister nie. Ja, toe ander mense my seergemaak het, was ek nie so geduldig met hulle soos U met my is nie.

Help my asseblief om raak te sien teen wie ek nog bitter voel. Want ek weet dat ek myself wou verdedig, en toe mense seergemaak het. Ek wil hulle nou vergewe soos U my vergewe het. Dan sal hulle U liefde in my sien.

Ek vra dit alles in die Naam van Jesus, my Here!

Amen."

Ek kan nie wag om te hoor of my raad julle gesin gehelp het nie. Ek glo vas dat jy en hulle dit sal beleef hoe dit voel om heeltemal vry te wees wanneer hulle in en deur jou en Monique JESUS AS DIE VRIEND VAN SONDAARS leer ken.

Laat weet my asseblief sommer gou-gou hoe dit gebeur het.

Jou vriend in ons Here!

Chris

Chris ou maat

Dankie vir julle vriendskap! Jou liefde en goeie raad het vir my en Monique nuwe moed gegee. En dit het al 'n groot verskil gemaak.

Ja, jy was reg. Ons Vriend het ons almal vrygemaak! Ek stuur vir jou 'n brief van woorde wat Johan teen sy kamermuur op geplak het. Hy het dit by 'n vriend gekry.

Volgende keer as ons kuier, vertel ek jou alles.

Herman

Johan se poster:

**I was regretting the past
And rejoicing the future.
Suddenly my Lord was speaking:
"My Name is: *I Am*".
He Paused, I waited, He continued:
"When you live in the past with its mistakes
And regrets, it is hard.
I am not there.
My Name is not: *I Was*.
When you live in the future
With its problems and fears, it is hard.
I am not there.
My Name is not: *I will be*.
When you live in this moment, it is not hard.
I am here
My Name is
I Am"**

Liewe leser

Het jy soos Herman, Monique en Johan Jesus
as Vriend van sondears leer ken?